Aitsa!
After Care Centres
Dwarsriver Valley Initiative

+27 82 337 6242
info@aitsa.org
Aitsa After Care
www.aitsa.org

PBO No. 930-049-404

6 Augustus 2015

Beste Ouers en leerlinge van Junior Akademie

Boeke en kombersie uitreik

Baie dankie vir die 96 boekies en oor die 70 kombersies wat julle aan ons kinders geskenk het! Dit was vir ons ‘n absolute voorreg om die kombersies aan die kinders te kon uitdeel en hulle dankbaarheid en vreugde het almal se harte geraak.

Ons hoop dat die paar fototjies wat ons hiermee saamstuur, sal wys hoe opgewonde almal was. Dit was so kosbaar om te sien hoe ‘n kombersie, nie net ‘n lyfie nie, maar ook ‘n hart kan warm maak.

Die bydrae tot ons biblioteek word ook geweldig waardeer. Waar ons begin het met ‘n klein rakkie vol boeke, begin dit al hoe meer soos ‘n biblioteek lyk. Met hulp en leiding van die ATKV bied ons ook nou ‘n program aan waar opgeleide assistente lees ondersteuning aan ons kinders gee. Dit is vir ons belangrik om ‘n liefde vir lees en boeke by ons kinders te kweek.

Ons is opreg dankbaar vir julle omgee, uitreik en ondersteuning. Dit maak ‘n daadwerklike verskil.

Kontak ons gerus indien u enige vrae, idees of voorstelle vir die Nasorg het.

Beste wense

Judy-Anne van Zyl

Executive Committee: Marietjie Steyn, Judy-Anne van Zyl, Nicki Kinsey-Quick, Jacques Dreyer